

# Woensdag 24 November

Skrifgedeelte: Jesaja 59:1-21

Fokusgedeelte: Jesaja 59:20-21

## **Christus kom as Verlosser om vir ewig met sy volk te wees**

Die volk van die Here het in groot nood verkeer toe hulle uit ballingskap teruggekeer het. Leierskapskrisisse, verdeeldheid in hulle godsdienbeskouing en valse godsdienbeoefening was steeds aan die orde van die dag (Jes. 56-58). Binne die hopelose situasie van sonde en ellende is daar niemand wat uitkoms kan bied nie. Niemand kan red nie, maar die Here kan. Die Here neem die inisiatief. God sê aan sy volk dat Hy sal kom om as Wêreldregter te oordeel (vs 18) oor die wat hulle nie bekeer nie. Hy kom egter as Verlosser om sy volk te red (vs 20).

Met sy geboorte, lyding, sterwe en opstanding is die belofte vervul wat Jesaja geprofeteer het, naamlik dat Christus as Verlosser vir Sion kom. Sion wys na die volk van die Here. Dit gaan hier nie oor die vleeslike afkoms van Israel nie, maar die geestelike volk – Christus se kerk (Rom. 11:26-27). Sy arm en geregtigheid kom in Christus na hulle wat hulle in geloof bekeer.

God se koms beteken verlossing vir sy uitverkorenes, maar ook die vervulling van sy verbondsbeloftes deur sy Woord en Gees. Met Christus se koms kan sy kerk seker wees van hierdie verbondsbeloftes. Dit word beloop aan ons en ons kinders van nou af tot in ewigheid (vs 21).

Omstandighede rondom ons mag hopeloos lyk, en sonder God is dit – ook ons eie sonde laat ons in wanhoop. Juis as gevolg hiervan het Christus as Verlosser vir sy kinders gekom. Laat ons deur die werking van die Heilige Gees aan sy Woord vashou, want Hy verseker ons dat Hy vir ons gekom het, totdat Hy weer sal kom en ons vir ewig by Hom sal wees.

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Dr. JD Mienie (Juan) (Zeerust)*